Hoër Landbouskool
OAKDALE
Agricultural High School
1928

P/Sak / P/Bag X424
Riversdal/e
6670
Suid-Afrika/South Africa

Tel: 028 713 2549
Faks/Fax: 086 621 0418
E-pos/E-mail: info@oakdale.co.za
Webtuiste/Website: www.oakdale.co.za

Hoof/Principal: Mnr/Mr A J Latsky
E-pos/E-mail: hoof@oakdale.co.za

14 Junie 2019

Omsendskrywe 21/2019

Geagte Ouers

1. UITSTUUR VAN RAPPORTE

Rapporte sal op Vrydag 12 Julie 2019 aan ouers beskikbaar gestel word.

2. KOSHUIS

2.1 Elektroniese uittekenstelsel

Die stelsel waar leerders vervolgens elektronies moet in- en uitteken sal van volgende kwartaal af in gebruik wees. Ouers sal ook 'n kennisgewing per sms ontvang wanneer u seun in- en uitteken en ook weet waarheen hy uitteken.

Die stelsel word geïmplementeer om ons beheer van leerders gedurende die week, asook oor naweke, te verbeter. Dit beteken dat leerders wat gedurende die week om een of ander rede skool vroeër verlaat, ook op die stelsel sal moet uitteken. Mnr. Dixon is tans besig met registrasie van al ons koshuisgangers.

2.2 Verbode middels en items – Neem kennis asseblief

Ek vestig ouers se aandag opnuut daarop dat die volgende oortredings onmiddellik uitsetting en skorsing uit die koshuis tot gevolg het:

i) Gebruik, besit of verhandeling van enige verbode middels (dwelms).

ii) Gebruik, besit of verhandeling van enige verbode middels in sport.

iii) Besit, gebruik of verhandeling van sigarette, E-sigarette of sogenaamde "Vape".

iv) Verhandeling van enige items van watter aard ookal.

v) Diefstal

Maak asseblief tyd om gedurende die vakansie met u seun te gesels in hierdie verband. U as ouers speel 'n baie belangrike rol met betrekking tot die daarstelling en handhawing van sterk dissipline.

2.3 Koshuisuitbreiding

Die Beheerliggaam het op 6 Junie 2019 die koshuisuitbreiding aan die koshuis goedgekeur en ook 'n kontrakteur aangestel. Bouwerk neem reeds op Dinsdag 18 Junie 2019 'n aanvang.

3. SPORT

3.1 Rugby

Graag wens ons al ons leerders betrokke by die SWD o.16- en o.18-spanne vir deelname aan die nasionale weke baie sterkte toe, asook mnre. Lukas Holtzhauzen en Adriaan Jansen wat as afrigters betrokke is.

o.16 Grant Khomoweek	-	18 – 21 Junie 2019 (Witrivier)
o.18 Akademieweek	-	1 – 6 Julie 2019 (Bloemfontein)
o.18 Cravenweek	-	1 – 6 Julie 2019 (Bloemfontein)

Die seuns speel ook vandag teen die Oostelike Provinsie op Kareedouw, ons wens hul sterkte toe.

3.2 Perdry

i) Lorenco Crous in graad 9 neem gedurende die vakansie aan die Elite Invitation-toernooi deel en het ook onlangs sy Protea-kleure ontvang.

ii) Christiaan Theunissen neem die vakansie aan ‘n uitnodigings ruiterkuns kompetisie in Amerika deel. Sterkte word hom toegewens.

3.3 Atletiek vooruitskouing

Ons het geregistreer vir ‘n atletiekbyeenkoms op Saterdag 5 Oktober 2019 in Bloemfontein wat deur Grey-Kollege en Oranje Meisieskool aangebied word. ‘n Lekker motivering en doelwit vir ons atlete.

3.4 Tennis

Vyf van ons tennisspelers neem op 15 en 16 Junie 2019 aan die Interprovinsiale tennis-toernooi tussen Eden, Noord-Kaap en die Oostelike Provinsie in George deel. Ons wens hul sterkte toe.

o.16	-	Michael Mostert, Martin Mostert en Lucas Olivier
o.18	-	Henk Smit en Gustav Smit

3.5 Muurbal

Die muurbal het die kwartaal op ‘n hoë noot afgesluit toe ons eerste- en tweedespanne agt mansonderwysers uitgedaag het! Die jong bulle het verseker die pas aangegee en hulle onderwysers goed laat ronddans op die baan.

Zander Raubenheimer neem die vakansie aan die Inter Provinsiale toernooi in die Kaap deel. Hy vorm deel van die SA Country Festivalspan en tydens hierdie toernooi word die SA Skolespan saamgestel wat uiteindelik oorsee gaan deelneem. Ons wens Zander baie sterkte toe en weet dat hy die Oakdalers se naam sal hoog hou.

4. VCSV

‘n Groep van 20 Bulle het gister Tehuis Jan Lange besoek om saam met die ooms (en tannies) te gaan kaart speel, met die oog op Vadersdag. Wat ‘n lekkerte om die positiewe interaksie tussen oud en jonk te sien. Ons jong Bulle het die ouer Bulle mooi geleer van Rummie en ons het heerlik saamgekuier. Dankie vir die mooi gesindheid waarmee die Bulle hierdie mensies se dag opgehelder het.

5. DATUMLYS VIR DERDE KWARTAAL

Aangeheg vind u die datumlys vir die derde kwartaal. Let asseblief op die datum van die oueroggend op 15 Julie 2019 om 07:15 in die skoolsaal.

6. AKKERFEES : 9-10 AUGUSTUS 2019 (Val saam met interskole)

6.1 Bydraelyste

Die bydraelyste vir die Akkerfees is aangeheg. Graag versoek ek al ons ouers om betrokke te wees by hierdie groot projek en u bydrae en betrokkenheid daarop aan te toon. Stuur dit ASSEBLIEF terug aan die skool voor / op 9 Julie 2019.

6.2 Akkerfeesdans – Vrydagaand 9 Augustus 2019

Die Akkerfeesdans word Vrydagaand 9 Augustus 2019 in die skousaal aangebied. Kaartjies beloop R200 per persoon en sluit 'n heerlike steakete in.

6.3 Groente en vrugte

Dui asseblief aan of u vir ons kan groente of vrugte skenk of by vriende of oud-skoliere kan kry asseblief.

6.4 Vleistafel

Die verkope van vleis lewer verseker die grootste bydrae tot die totale opbrengs van die Akkerfees. Ons behoefte vanjaar is 180 skape, 20 beeste, 8 varke wat in snitte of verwerkte produkte verkoop word. Wild of biltong en droëwors is 'n wenner.
Die Akkerfees is 'n absolute spanprojek en die sukses daarvan is 'n gesamentlike doelwit. Wees betrokke en deel in die naweek se opgewondenheid. Ons mikpunt vir vanjaar is R1 000 000.

7. BAKKIE-KOMPETISIE

Elke leerder in die skool het 'n kompetisieboekie met elf kaartjies ontvang. Die trekking om die wenner van die Toyota Hilux 2.4 GB 5MT S/L A/C bakkie aan te wys, geskied net voor aanvang van die hoofwedstryd tydens Interskole / Akkerfees op 10 Augustus 2019.

Ek versoek vriendelik dat elke leerder in die skool ten minste een boekie sal verkoop en dat inbetaling op 9 Julie 2019 sal geskied.

8. TERUGSKOUIING OP DIE AFGELOPE KWARTAAL

Die skool is gerig op handhawing van die volgende waardes wat elke leerder te alle tye moet uitleef: Waardes moet absoluut sigbaar wees in wat hulle doen, hoe hulle lyk en wat hulle sê. Die oorgrote meerderheid van ons seuns is uitsonderlike ambassadeurs in hierdie verband.

Ek bedank ons leerders wat te alle tye hoflik, respekvol en met trots optree om onderwys vir ons personeel 'n kosbare ervaring te maak.

9. LEERDERS

9.1 Ek het verlede week vir Stian van Greunen besoek. Stian lyk goed en is baie positief. Sy ouers het baie groot waardering vir almal se ondersteuning en aanmoediging. Sterkte word hom toegewens vir sy vordering en terugvoering wat hulle einde Junie van die dokters sal ontvang.

10. PERSONEEL

10.1 Mnr. en mev. Juan-Ben Naudé se babaseuntjie word Maandag 17 Junie 2019 gebore. Mag die jong Oakdalertjie hulle groot vreugde en genot verskaf. Baie geluk.

10.2 Baie geluk aan mnr. Lukas Holtzhauzen wat op 5 Julie 2019 verjaar.

10.3 Ons verwelkom met aanvang van die derde kwartaal mnr. en mev. Johan van Niekerk. Mnr. van Niekerk is as opvoeder aangestel om die vak Landboutegnologie aan te bied. Hy sal vir die volgende ses maande saam met mnr. le Roux by die vak betrokke wees.

10.4 Hiermee betoon ons graag ons innige meegevoel met mnr. en mev. Frans Marais met die afsterwe van mev. Marais se vader die afgelope week. Mag hul vertroosting en krag ontvang in hierdie moeilike tyd.

10.5 Graag bedank ek die personeel vir harde werk, entoesiasme en opoffering gedurende die tweede kwartaal. Ons beskik oor ‘n besondere span wat oor die breë spektrum vanaf skool, terrein, koshuis en boerdery ‘n besondere diens lewer en die skool se belange op die hart dra. Ek is baie dankbaar vir elkeen se bydrae, entoesiasme en werksetiek geopenbaar gedurende die kwartaal.

11. VADERSDAG

Ons wens graag al ons pa’s en oupa’s ‘n baie genotvolle Vadersdag op Sondag 16 Junie 2019 toe. Vaderskap is nie altyd maklik nie en ‘n enorme verantwoordelikheid. Mag u voorbeeld en optrede van u ‘n spieëlbeeld wees van wat u in u seun as ‘n volwassene wil sien.

Baie dankie aan alle pa’s wat moontlik vir baie van ons ander seuns as pa of voog optree. Dit is prysenswaardig.



Vriendelike groete

A.J. LATSKY
SKOOLHOOF